kruiskerk.co.za

info@kruiskerk.co.za

wynandgnel@outlook.com

Steek êrens in jou woonplek 'n kers aan terwyl jy lees.

Tema: Die ryk jong man. Ryk of arm?

Skriflesing: Markus 10:17-31

Broodjies vir die pad

"In normal life we hardly realize how much more we receive than we give, and life cannot be rich without such gratitude. It is so easy to overestimate the importance of our own achievements compared with what we owe to the help of others."
— Dietrich Bonhoeffer, Letters and Papers from Prison

"Keep love in your heart. A life without it is like a sunless garden when the flowers are dead. The consciousness of loving and being loved brings a warmth and a richness to life that nothing else can bring."
— Oscar Wilde

"No one described him better than he did when someone accused him of being rich.
"No, not rich," he said. "I am a poor man with money, which is not the same thing."
— Gabriel Garcí-a Márquez, Love in the Time of Cholera

"We are not rich by what we possess but by what we can do without."
— Immanuel Kant

"No man becomes rich unless he enriches others."
— Andrew Carnegie

"Ordinary riches can be stolen, real riches cannot. In your soul are infinitely precious things that cannot be taken from you."
— Oscar Wilde

"The world says: "You have needs -- satisfy them. You have as much right as the rich and the mighty. Don't hesitate to satisfy your needs; indeed, expand your needs and demand more." This is the worldly doctrine of today. And they believe that this is freedom. The result for the rich is isolation and suicide, for the poor, envy and murder."
— Fyodor Dostoyevsky, The Brothers Karamazov

"Physical beauty is passing - a transitory possession - but beauty of the mind, richness of the spirit, tenderness of the heart - I have all these things - aren't taken away but grow! Increase with the years!"
— Tennessee Williams, A Streetcar Named Desire

"The man with toothache thinks everyone happy whose teeth are sound. The poverty stricken man makes the same mistake about the rich man."
— George Bernard Shaw

"All beauty comes from beautiful blood and a beautiful brain. If the greatnesses are in conjunction in a man or woman it is enough...the fact will prevail through the universe...but the gaggery and gilt of a million years will not prevail. Who troubles himself about his ornaments or fluency is lost. This is what you shall so: Love the earth and sun and the animals, despise riches, give alms to every one that asks, stand up for the stupid and crazy, devote your income and labor to others, hate tyrants, argue not concerning God, have patience and indulgence toward the people, take off your hat to nothing known or unknown or to any man or number of men, go freely with powerful uneducated persons and with the young and with the mothers of families, read these leaves in the open air every season of every year of your life, re-examine all you have been told at school or church or in any book, dismiss whatever insults your own soul, and your very flesh shall be a great poem and have the richest fluency not only in its words but in the silent lines of its lips and face and between the lashes of your eyes and in every motion and joint of your body..."
— Walt Whitman, Leaves of Grass

Wat werd is

Nog eer die donker van vanaand my vang,
    My ongebore kinders van my steel,
    Kuns-kinders soos verbeelding nog kan teel
Uit onuitputlik skoonheid wat verlang
Na woorde, opgestapel tot gesang
    Wat uitvloei soos van uit die vink se keel
    Sy somerlied en soos 'n welkom streel
Die siel wat huiwerig aan sy houvas hang -
Nog eer ek in die duister moet gaan dwaal,
    Wil ek, tot rekenskap van wat ek hou
    Die jare deur, my dwing totdat ek kry
Die troos wat elk uit wat hy had, kan haal:
    Die wete dat nóg vreugde nóg berou
    Meer werd is as die poging om te stry.

C. Louis Leipoldt

"No man is rich enough to buy back his past."
— Oscar Wilde

"That same night, I wrote my first short story. It took me thirty minutes. It was a dark little tale about a man who found a magic cup and learned that if he wept into the cup, his tears turned into pearls. But even though he had always been poor, he was a happy man and rarely shed a tear. So he

found ways to make himself sad so that his tears could make him rich. As the pearls piled up, so did his greed grow. The story ended with the man sitting on a mountain of pearls, knife in hand, weeping helplessly into the cup with his beloved wife's slain body in his arms."
— Khaled Hosseini, The Kite Runner

"We do not remember days, we remember moments. The richness of life lies in memories we have forgotten."
— Cesare Pavese

Hoe sou ons vandag reageer as Jesus kom?

Wilhelm Jordaan

Dana Snyman se tergende vraag "Wat het dit als met Jesus te doen, Pa?" in sy rubriek het my laat wonder oor hoe Jesus vandag deur ons ontvang sou word. Dít na aanleiding van sy dominee-pa se "nagte met 'n liefdelose Kerkorde vol vuilgevatte bladsye en onderstreepte klousules".

Wie sal Jesus eerste by 'n wederkoms bespeur ná sy kosmiese reis deur onontdekte hemelsfere: die BBC, e-Nuus of dalk 'n *scoop* vir 'n wakker dagblad? Met 'n straatplakkaat wat sommige asvaal laat skrik en ander jubelend laat bid: "Jesus hét weer gekom!" 'n Bekende ateïs het verbaas uitgeroep: "I'll be damned!"

Wie sal eerste met hom praat as hy op die O.R. Tambo-lughawe land? 'n Komitee bestaande uit politieke en kerklike BBP's, wat hom 'n purper toga omhang en ereburger van Johannesburg maak? Met 'n minister van gesondheid wat handevrywend vra: "My heer, is u ingeënt?"

Waar sou sy eerste besoekpunt wees? In 'n township met koerantberigte wat hekel die ANC se dae is nou verby, want soos hulle beloof het, sal die ANC regeer totdat Jesus weer kom. Hiervandaan is dit Kaap toe in 'n motorstoet. Jesus kry die keuse – 'n koeëlvaste wit Mercedes-Benz, soos vir die pous, of 'n gepantserde swart BMW, soos vir die president.

"Het julle nie 'n donkie nie?" vra Jesus met 'n glimlag.

"Dis mos my eintlike ryding . . ."

Skaars daar, is hy na Stellenbosch geneem vir 'n ekumeniese kerkkonferensie. Dít terwyl 'n skare arm, weerlose en werklose mense bibberend in 'n onverwagte kouefront om 'n bietjie aandag pleit, soos in Adam Small se "Second Coming 1": ". . .ek vra djou Here, / please pléase wend / en lig djou kop / net één maal op / en notice my hie agter please, / en smile moet my."

En Jesus gooi die purper toga af, stap na hulle en sê: "Dag, my bra's. Hoe klink my Kaaps vi djulle? Dis mos 'n jimmelse taal dié."

"Dis onse Jirre dié, nè," juig die skare.

Die konferensie begin met 'n vraag uit die evangelie van Lukas: "Sal die Seun van die Mens by sy koms nog geloof op die aarde vind?" En toe, by wyse van spreke, is die duiwel los, soos die kerklui Jesus wil beïndruk en oortuig van hoe korrek en suiwer hul belydenisse en geloof is. Een groep ongelukkiges roep uit: "Doleer saam met ons. Bybels is selfdegeslagverhoudings tog sonde. Stem u nie saam nie?" 'n Ander groep wil weet: "Is u onwrikbaar ortodoks of postmodern, vernuwend?" Nog ander skreeu: "Sinodale besluite is kettery."

En Jesus lyk verslae toe hy oplaas praatkans kry: "Ek weet nie so mooi van teologie, kerk en sinode nie. Net van liefde, geregtigheid en sorg teenoor alle mense. Dis tog so eenvoudig. Kerke, so lyk dit my, het hul woorde en die weerlose en die arm mense het net hul honger lywe."

Hulle het hom nie begryp nie. En die dreunsang het algaande soos kerkklokke op 'n Sondag gekom: "Kruisig hom! Kruisig hom!"

** Jordaan is 'n emeritus professor in sielkunde.*

https://www.netwerk24.com/netwerk24/stemme/menings/hoe-sou-ons-vandag-reageer-as-jesus-kom-20210921

Brood vir die pad

Wat beteken dit om waarlik eietyds te wees?

RRV

Wat maak dat 'n figuur, teks of kunswerk – selfs uit 'n ander konteks en era as ons eie – op 'n betekenisvolle wyse tot ons spesifieke tyd en situasie spreek? Anders gestel: Wanneer is 'n idee, lewe of werk eietyds? Wat maak dit kontemporêr?

Die Kaapse filosoof Marthinus Versfeld stel dié vrae aan die orde in sy bundel Wat is kontemporêr: Vier opstelle oor ons tyd (1966). Hierin verwys hy na die natuurlike drang van 'n denker, skrywer of kunstenaar om 'n tradisie te vernuwe. Maar hierdie begeerte na vernuwing moet nie voortkom uit 'n ontkenning of onderskatting van die verlede nie; dit vra juis vir 'n sterk historiese bewussyn en vir kennis wat méévoel met die verlede. Versfeld skryf dan ook: "Jou oorspronklikheid dui onder meer daarop dat jy oorspronge het."

In sy opstel "What is the Contemporary?" (2009) vra die Italiaanse politieke denker Giorgio Agamben ook wat kontemporêr-wees beteken. Vir Agamben is diegene wat werklik kontemporêr is hulle wat nie altyd presies inpas en aanpas by die tydsgees nie. Omdat hulle in hierdie sin uit pas met die tyd is, het hulle dikwels 'n helderder visie as die meeste op hul eie tydsgewrig, ook op hul tyd se skaduwees en donkerte. "The contemporary is the one whose eyes are struck by the beam of darkness," skryf Agamben. Maar, voeg hy by, hulle kyk selfs nog meer stip en deurdringend om ook die ligstrale op te let wat na ons beweeg.

In die lig van hierdie opmerkings van Versfeld en Agamben kan ons sê dat die figure en werke wat waarlik kontemporêr is nie die verlede en donkerte ontken nie, maar juis – in solidariteit én met kritiese afstand – op 'n lewegewende manier daarmee bemoeienis maak sodat nuwe insigte en optrede moontlik word.

Versfeld skryf dan ook oor kontemporêre kuns (en dit geld beslis breër): "Dit is nie die komposisie van ontvlugting nie; dis 'n dans van die lewe."

Hierdie beskouings oor wat kontemporêr is daag ons uit met die vraag of ons in ons dag die profete, denkers, idees en kunsskeppings kan herken wat ons kan help om die werklikhede van ons dag meer grondig te deurskou. Dat dit nie oor 'n terloopse saak gaan nie, blyk ook uit Versfeld se opmerking oor diegene wat waarlik kontemporêr is in sy opstel "The Idea of the Contemporary": "They help us to see our way better. They provide us with a more acceptable interpretation of who we are. It is not so much we who resuscitate them, as they who keep us alive.

https://www.netwerk24.com/netwerk24/stemme/sielsdinge/geestelike-waardes-wat-beteken-dit-om-waarlik-eietyds-te-wees-20211001

wynandgnel@outlook.com 082 901 5877